

**Skriflesing:** 1 Timotheus 3:1-16Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 18**Tekst: **1 Timotheus 3:16****Sing- Ps. 118:1,14; Ps. 90:9; Sb. 10: (5-4):1,2,5,6**

**1Ti 3:1** Dit is 'n betroubare woord: as iemand na 'n opsiensamp verlang, begeer hy 'n voortrefflike werk.

**1Ti 3:2** 'n Opsier dan moet onberispelik wees, die man van een vrou, nugter, ingetoë, fatsoenlik, gasvry, bekwaam om te onderrig;

**1Ti 3:3** geen drinker, geen vegter, geen vuilgewinsoeker nie, maar vriendelik; geen strydlustige, geen geldgierige nie;

**1Ti 3:4** een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.

**1Ti 3:5** Maar as iemand nie weet om sy eie huis te regeer nie, hoe sal hy vir die gemeente van God sorg dra?

**1Ti 3:6** Hy moet nie 'n nuweling wees nie, sodat hy nie verwaand word en in dieselfde oordeel as die duiwel val nie.

**1Ti 3:7** Maar hy moet ook goeie getuienis hê van die buitestaanders, sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie.

**1Ti 3:8** Net so moet die diakens waardig wees, nie uit twee monde spreek nie, nie verslaaf aan wyn nie, geen vuilgewinsoekers nie,

**1Ti 3:9** manne wat die verborgenheid van die geloof in 'n rein gewete hou.

**1Ti 3:10** En hulle moet ook eers 'n proeftyd deurmaak; daarna, as hulle onberispelik is, kan hulle dien.

**1Ti 3:11** Net so moet die vroue waardig wees, geen kwaadspreeksters nie, nugter, betroubaar in alles.

**1Ti 3:12** Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huis goed regeer.

**1Ti 3:13** Want die wat goed gedien het, verkry vir hulle 'n eervolle plek en veel vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

**1Ti 3:14** Ek skryf jou hierdie dinge in die hoop om gou na jou te kom.

**1Ti 3:15** Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid.

**1Ti 3:16** En, onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlijkheid.

**Artikel 18: Die menswording van Jesus Christus**

Ons bely dat God die belofte aan die vaders deur die mond van die heilige profete inderdaad vervul het deur sy eie eniggebore en ewige Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en aan die mens gelyk geword (Filp. 2:7) deur werklik 'n egte menslike natuur, met al sy swakhede maar sonder sonde, aan te neem. Hy is in die liggaam van die geseënde maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees en sonder die toedoen van 'n man verwek. Hy het nie alleen wat die liggaam betref, die menslike natuur aangeneem nie maar ook 'n egte menslike siel om so 'n werklike mens te wees.

Want Hy moes sowel die siel as die liggaam aanneem om al twee te red, aangesien beide verlore was. Teenoor die kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, bely ons daarom dat Christus die vlees en bloed van die kinders deelagtig geword het (Heb. 2:14), dat Hy wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid (Hand. 2:30 en Rom. 1:3), 'n vrug van die moederskoot van Maria (Luk. 1:42), gebore uit 'n vrou (Gal. 4:4), 'n spruit van Dawid (Jer. 33:15), 'n loot uit die wortels van Isai (Jes. 11:1), van die geslag van Juda afstam (Heb. 7:14), uit die Jode as mens gebore (Rom. 9:5), uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het en in alle opsigte - maar sonder sonde - aan sy broers gelyk geword het (Heb. 2:17 en Heb. 4:15). Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Emmanuel is, dit wil sê: God met ons (Matt. 1:23).

*Filp. 2:7; 1 Tim. 3:16; Luk. 1:55; Gen. 26:4; 2 Sam. 7:12; Ps. 132:11; Hand. 13:23; 1 Tim. 2:5; 1 Kor. 12:3; Deut. 29:2; Ps. 119:34; Rom. 7:19; Jer. 33:15; Heb. 7:14; Rom. 9:5; Gal. 3:16; Heb. 2:16; Matt. 1:16.*

**Skriflesing:** 1 Timotheus 3:1-16  
 Nederlandse Geloofsbelydenis: **Art 18**  
 Teks: **1 Timotheus 3:16**  
 Sing- **Ps. 118:1,14; Ps. 90:9; Sb. 10: (5-4):1,2,5,6**

God is die God van sy Woord. Broeder en suster, u moet art 17 Nederlandse Geloofsbelydenis net weer vlugtig voor u bring, dan het ons daarop gewys God het die mens direk na die sondeval weer opgesoek. En hiermee saam het ons die moederbelofte gehoor. Alles het vir ons God se verbond saamgebring. Die woorde in art 17 moet steeds by art 18 vasgegryp word- **God het die mens toe getroos met die belofte om aan hom sy Seun te gee en hom salig te maak-** Hierdie verbonsbelofte, die beloftewoord waarmee God ons troos deur aan ons die belofte van sy Seun te gee, dit laat art 18 ons vandag raaksien dat God het end-uit sy Woord gehou. Daarom dat ons in art 18 daadwerklik sal raaksien God wat sy belofte vervul deur sy Seun te stuur. Daarmee saam is daar wel 'n groot geheimenis, ja die verborgenheid van die Godsaligheid is ter sprake wanneer ons besef die Heilige Gees het hierdie ontvangenis in Maria gewek. Sy wat toe nog 'n maagd was en na die geboorte van Christus het dit aan haar maagdelikheid niks verander nie. So kom Christus in die gelykheid van ons menslike natuur, maar Hy doen geen sonde nie. In die laaste plek is art 18 hard besig om ook 'n dwaling van die Wederdopers te weerlê. Altyd moet ons vir die dwalinge baie versigtig wees, daarop ingestel wees om nie daardeur gevang te word nie.

\*\*\*

Dit wat art 17 vooruitsien dit word in art 18 bevestig en alles word duideliker en duideliker dat God doen wat Hy sê. God wat in die volheid van die tyd sy Seun na ons stuur soos God dit bestem het. Weereens Gal 4:4 waarna art 17 ook verwys het- *4 Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet...*

Wat ons hierin aangryp is dat God geweet het die presiese sekondes wanneer hierdie grootste gebeurtenis wat daar nog in menselewens van sprake kan wees, moes plaasvind. Die saad van die vrou wat die moederbelofte vooruitsien het God volgemaak presies die regte oomblikke om te kom by die punt waar die slang se kop vermorsel kan word. Die tyd was vol en die tyd was reg. Die enigste Seun van God (die eniggeborene) wat dan ook die ewige Seun van God is, Hy word na hierdie wêreld gestuur. In alles het God nog altyd 'n Seun gehad. Daar was geen tyd wat God die Vader nie oor sy Seun en deur sy Seun sou praat en Hom aan ons openbaar. Die Seun van God is ewig soos die Vader ewig is. Om na ons te kom was die Seun van God in alles Een wat moes doen wat net Hy kon doen. Hy het van sy hemelse heerlijkheid

afstand gedoen. God die Vader het Hom opdrag gegee dat Hy in alles mens sou moes wees daarom sou Hy Homself moes laat verneder. Joh. 17:5 dan verwys Jesus in sy gebed ook weer hierna - *5 En nou, Vader, verheerlik My by Uself met die heerlijkheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.* Ons kan ons nie eintlik voorstel hoe groot die heerlijkheid van die Seun was voordat die wêreld was nie. In alles mag ons weet dit is 'n heerlijkheid wat die grootste is wat daar kon wees. Geen skatte, geen middele, niks wat geskape is, sou daarmee kon vergelyk word nie. Christus het daarvan afstand gedoen. Dit is wat ons in Fil. 2:7-8 ook lees- *7 maar (Hy- Jesus) het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; 8 en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.* Jesus het Homself ontledig- ja van die vertalings omskryf die woord (die Griekse **κενόω** kenoo {ken-o'-o}) dat Jesus het 'n vernietiging in Homself moes laat gebeur, Hy moes maak dat Hy word iemand met geen status, geen reputasie, Hy moes Homself leegmaak, dit wat sy krag en sy heerlijkheid werklik was, moes Hy dit waardeloos maak, Hy is leeggetap, ja in ander verbande dan beteken die woord iets van 'n verydeling, Jesus moes Homself verydel.

Dit alles gebeur, dit is die allergrootste vernedering wat God Homself kon aandoen en dit gebeur toe Hy in daardie vrou kom, Hy word soos 'n mens wie se ma Hom nou verwag, die totale embrionale fases, 'n volle ontwikkeling as fetus, alles gebeur soos by 'n swanger vrou, met die groot verskil hier was geen man betrokke nie, maar net God deur die Heilige Gees wat hierdie vrou die draer maak van die mens wat God is. In elke opsig het Hy aan die mens gelyk geword, tog kan ons dit nooit genoeg beklemtoon nie, daar was by Hom geen maar geen sonde teenwoordig nie. Hy is nie in sonde ontvang en gebore nie, Hyself het nie 'n enkele sonde gedoen nie. Dit om die woorde van Joh. 3:16 net ook hierby te plaas - *16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het...*

Nou moet ons Jesus se vernedering nie sien in die blote feit van mens-wees nie. God het nooit die mens as vernederde wese geskape nie, nee God het die mens goed en na sy beeld geskape, die mens het homself nog altyd verneder, dit is nie God wat die vernedering daargestel het nie. By Jesus lê die vernedering nie in die blote feit dat Hy mens moes word nie, maar die werklik vernedering lê daarin dat Hy die gestalte van 'n dienskneg moes aanneem. Een wat belaa is met sonde en sondeskuld terwyl Hy glad nie die oorlading gehad het nie.

\*\*\*

Ons word deur die menswording van Christus net al dieper en dieper weggevoer in die grootste verwondering, ja dit is beslis dit wat Paulus aan Timotheus skrywe- *die verborgenheid van die godsaligheid is groot...* In die hemel is Hy sonder moeder, op die aarde sonder aardse vader, Hy neem ons vlees aan, been van ons gebeente, vlees van ons vlees, presies dit wat Adam oor die eerste vrou op aarde gesê het, maar nou is dit nie 'n vrou na die man geneem nie, dit is God se Seun na die mensdom geneem, na al God se kinders. Hy moet vir almal instaan, almal in Hom ingeplant, Hy verteenwoordig elke een se sonde, vir elke een wat daar skuldig staan, vir elke uitverkorene moes sy bloed gevloei het. Die heiligste van bloed wat daar kon wees word Hom uitgetap want alleen sy bloed kan betaal.

\*\*\*

Baie sou sy gewoon menslikheid aangryp, tog in die besef hier is meer as net wat ons sien. Eers sal die mense vra is dit nie die Seun van Josef nie, maar net 'n timmerman, dit sal Jesus ook sy jeug mee volmaak, die timmermanslewe om met hout dinge bruikbaar te maak. Tog kom Hy later aan die houte van die kruis, Hy maak nie dinge bruikbaar nie, maar Hy maak Homself die gebruikte, die middel om vir die ander te betaal, dat hulle ook vir God bruikbaar kan wees soos Hy is. In elke opsig na liggaam, sy liggaam word gebruik om vir ons te betaal, sy siel stort Hy uit om vir ons te betaal. Hy betaal met liggaam en siel, daarop laat art 18 Nederlandse Geloofsbelydenis sterk die klem val.

In hierdie tyd wat Jesus dit alles vir ons kom doen het, moet ons versigtig wees om Hom te sien as 'n *Godmens*. Dit is nie maar 'n geval van God het nou maar mens geword deur net 'n menslike liggaam aan te neem maar tog was Hy nie regtig heeltemal mens nie. Dit is so gevaarlik as ons dit so sou wou dink. Nee, Hy was in alles volledig mens, maar Hy net nooit opgehou om ook volledig God te wees nie. Alles nog deel *van die verborgenheid van die godsaligheid wat groot is...* In die volle sin van mens-wees maar ook in die volste sin van Hy is God, sonder dat die twee nature met mekaar vermeng geraak het, sonder dat enigiets in enige natuur verander het, kon Hy ons liggame en ons siele loskoop, want albei is verlore.

\*\*\*

Broeder en suster dan kom hier 'n volgende belangrike aspek by art 18 by. Hy weet wat dit is om swaar te kry en seer te kry. Hy is 'n Middelaar wat met ons swakhede medelye kan hê. Dit is belangrik wat ons hier in Heb 4:15 lees- *15 Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde*. Wanneer ons die volle menslikheid van Jesus bely, meer as net sy menswording dan weet ons hy ken ons as mense. Ons wat ons partykeer so kan misgis wie 'n

ander mens werklik is. Christus maak nie daardie fout nie. Baie keer oordeel ons as mense heeltemal verkeerd oor ander mense, Christus se oordeel is altyd reg.

Dink maar aan die begin toe Christus nog nie as mens gebore was nie, dan sal ander mense tussen die ouer en ervare en belese Sagaria 'n teologiese lyn wil trek en sê Sagaria is darem die man wat in die tempel diens doen. Hy weet die beste. Maria, die jongedogter wat geen teologiese agtergrond gehad het nie, sy kom nie naby die kring van die geleerdes nie, toe God haar uitgekies het om die draer van die vrouesaad die geboortekanale deur te dra, dan is sy eintlik tot beskaming vir nervere Sagaria. As die engel aan Sagaria verskyn dan is sy ongelooftegroot. Hy glo nie wat die engel oor hom en sy vrou meedeel nie. Dat hulle die ouers gaan word van die wegbereider van die Messias, pa en ma van Johannes die Doper. Sagaria glo dit nie, die teoloog wil bewyse hê, só word sy ongelooftegroot met stomheid geslaan.

Aan die ander kant die wonder wat nog groter is as die wonder van die koms van Johannes die Doper, die koms van Jesus Christus, die vrou wat nie in ongelooftegroot op die engel se boodskap reageer nie, nee al wat sy doen, is om te sê – *ek is tot beskikking van die Here...* Hoe onverstaanbaar alles vir haar mag geklink het, ongelooftegroot dit wat oor haar sal kom, aan haar eie lyf sou sy moes voel dit wat ons teksverse is, *die verborgenheid van die godsaligheid is groot...* maat in die grote verborge godsaligheid waar die arms van ons verstand heeltemal te kort is om hierdie dinge alles te begryp, daarbinne reageer sy nie teologies nie, daar word nie allerhande wetenskaplike verwagtinge en moontlikhede aangespreek en afgemaak nie, nee sy glo maar net soos 'n kind, dit wat sy in werklikheid maar nog in groot mate moes wees, 'n jongedogter wat hierdie Kind van God die wêreld sou inbring. Maria vra die vrae met 'n anderster hart, nie met 'n aangesprekte van ek soek bewyse nie, soos Sagaria dit gevra het- *Hoe is so iets moontlik?* In Maria het sy wel die vraag deur nie te betwyfel oor wat die engel aan haar gesê het nie, maar haar te verwonder oor wat die engel aan haar gesê het.

\*\*\*

Broeder en suster, dit is die gesindheid wat daar ook by ons moet wees in die behandeling van art 18 Nederlandse Geloofsbelydenis . Ons moet nie dié dinge wil betwyfel nie, maar ons moet ons oor alles wat hier staan, in totale verwondering daarna kyk en ons weet dit is alles waar, maar ons vraag sal dan nie wees, OF DIT WAAR IS NIE... ons vraag sluit aan by die Maria-vraag- *HÓÉ DIT ALLES WAAR KAN WEES...* 'n Vraag wat in die geloof gevra word en nie eerstens 'n vraag in die verstand gevra soos met Sagaria wel die geval was nie.

Wie met sy verstand die verstaan van die maagdelike geboorte wil probeer uitpluis nie, sal in alle geval nêrens kom nie. Moet dit ook nie as iets wetenskaplik wil probeer bewys nie!

Dit wat ons belydenis vooropstel- kom ons opnuut ons hieroor verwonder as in ons belydenis staan - **dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het, dat Christus die vlees en bloed van die kinders deelagtig geword het, dat Hy wat die vlees betref, 'n nakomeling van Dawid is, as mens gebore is uit die geslag van Dawid, 'n vrug van die moederskoot van Maria, gebore uit 'n vrou, 'n spruit van Dawid, 'n loot uit die wortels van Isai, van die geslag van Juda afstam, uit die Jode as mens gebore, uit die geslag van Abraham, aangesien Hy die geslag van Abraham aangeneem het en in alle opsigte - maar sonder sonde - aan sy broers gelyk geword het.** Broeder en suster ek wil nog die mens ontmoet wat hierdie wonderlike dinge beter kan sê as wat die Nederlandse Geloofsbelydenis dit hier sê. Ek ken nie so iemand nie. Ja, Christus se volledige menswording, die maagdelike geboorte, alles word een wonder, dit bly iets om jou oor te verwonder, wat so skeefgetrek 'n Kersfees-saak geword het, wat beslis nie net rodom Desember alle aandag moet kry as alles dan afgestem raak op 25 Des nie. Broeder en suster, dit is 'n gruwel wat mense met hierdie groot sake van art 18 maak. In alle geval is dit eintlik uitgemaak, ons sien Christus se geboorte as 'n geboorte veel eerder in ons huidige kalender as 'n Maart-gebeurtenis, dit nou maar daargelaat.

Die datum, die fees, die mens, ons as mense, dit is nie waaroor dit vir ons moet gaan nie, dit moet vir ons gaan oor die werklike betekenis van die naam Immanuel. Hiermee sluit art 18 mee af- **Ons bely inderdaad dat Hy waarlik ons Emmanuel is, dit wil sê: God met ons...** Oor die koms van Christus as Mens en die name wat daar vir Hom gegee kon word, sou ons die lys heelwat langer kon maak. Hy is wonderbare Raadsman, magtige God, ewige Vader, Vredevoers- alles wat in Jes. 9:5 geprofeteer staan, maar Hy is waarlik ook Immanuel, ewige Immanuel- **GOD MET ONS.** Sy krag en sy heerskappy, sy heerlikheid dit alles spreek van God. Hy is die Seun van God. Hy is God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het. Tog het Hy voor al die eeue uit die Vader gekom. Ja, hierdie een Here Jesus Christus Wie ons vandag kon bely as net die enigste wat kan wees soos Hy is, die eniggebore Seun van God, Hy is net Een, maar volgende keer moet ons duideliker hierby kom, want daar is tog wel ook iets van 'n tweehed by Hom, Hy het twee nature. Daarby kom art 19. Die menslike natuur, die

goddelike natuur, albei staan ongemengd, onveranderd, ongeskeie bymekaar en is nie deurmekaar nie.

AMEN